



Hoe om meer van soogdiere te leer – vasvra

Hierdie vasvra kan as deel van enige spanbyeenkoms gebruik word. Die vasvra en uitkenning van diere kan ook vir die Dierekennis-kenteken (Gr 4) gebruik word.

Graad: Gr 0 tot 4 | **Onderwerp:** Soogdiere en Dierekennis



Stappe

1. Vra 'n paar algemene vrae oor soogdiere. Verdeel die span in twee of laat elke spanlid individueel deelneem.
2. **Vrae**
 - Alle soogdiere het sewe nekwerwels. Hoeveel nekwerwels het 'n kameelperd? *Sewe*
 - Wat is die grootste landsoogdier? *Olifant*
 - Wat is die tweede grootste landsoogdier? *Kameelperd*
 - Wat is die grootste soogdier op aarde? *Blouwalvis*
 - Wat is die grootste boksoort op aarde? *Eland*
 - Wat is die kleinste soogdier? *Dwergskeerbekmuis*
 - Watter vyf diere staan bekend as die groot vyf? *Olifant, buffel, leeu, luiperd, renoster*
 - Watter soogdiere het reeds uitgesterf? *Kaapse bergleeu, kwagga, bloubok*
 - Wat veroorsaak dat dierspesies uitsterf? *Vernietiging van natuurlike habitat; jag; uitwissing weens gifstowwe of besoedeling.*
 - Wat is Suid-Afrika se skaarsste (mees bedreigde) soogdier? *Rivierkonyn*
 - Watter ander soogdiere is in Suid-Afrika bedreig? *Wildebonde, bontebokke, renosters, walvisse, bergsebras.*
- Wat is die natuurlike habitat van die volgende soogdiere?
 - Kameelperd – grasvelde met verspreide bome*
 - Gemsbok – woestyn*
 - Swartwildebeeste – grasveld*
 - Eekhorinkies – woude*
 - Erdvark – gat in die grond*
- Wat is die natuurlike vyand van die volgende diere?
 - Springbok – leeu, luiperd, jagluiperd*
 - Swartwildebees – leeu, jagluiperd*
 - Bobbejane – luiperd*
- Wat is die gevaarlikste soogdier op aarde? *Die mens. Mense vernietig die habitat, strooi rommel, roei diere uit.*
- Wat is my taak as Voortrekker? *Om die natuur te waardeer en te bewaar. Gebruik die natuur se hulpbronne (water, diere en plantegroei) sodat dit nie uitgeput word nie.*
3. Maak 'n drukstuk van die **fotoraai** (DVD) vir elke spanlid of groep/span. Laat hulle die diere se name neerskryf.



Wenke

1. Die fotoraai en vasvra kan ook vir jonger spanne gebruik word. Dit is dan nie nodig dat hulle die diere se name neerskryf nie. Hulle kan net elke dier identifiseer.

